Echo Calitzdorp Nuusbrief (#4) **Julie 2019**

Aan die begin van April 2019 was Echo reeds 'n volle jaar werksaam op Calitzdorp. Baie aspekte van die aanvanklike bediening het verander sedert 'n jaar gelede, maar ek kan getuig van opwindende projekte en samewerking in ons gemeenskap!

Echo Calitzdorp se werksaamhede op ons dorp kan onder drie verskillende bedienings omskryf word, naamlik:

(1) Welstand van Hoërskool Calitzdorp Koshuis-leerders
(2) Musiek en Drama afrigting/bevordering by Hoërskool Calitzdorp en Laerskool Excelsior
(3) Tersiêre-studie ondersteuning en voorligting aan Hoërskool Calitzdorp-leerders

Ek vertel graag in hierdie nuusbrief meer oor ons projekte onder die bogenoemde drie bedieningsareas asook van 'n paar ander hoogtepunte van die afgelope paar maande.

Soos altyd staan Echo Calitzdorp nie alleen in die bediening nie, en bedank ek graag al ons vriende en ondersteuners in ons gemeenskap vir hulle ondersteuning.

Echo-groete
Michiel de Villiers
Jeugwerker
Echo Youth Development
michiel@echoyouth.co.za
072 302 4716

Nuusflitse

~(1) Hoërskool Calitzdorp Koshuis — Dit is vir ons ‘n vreugde om sedert die begin van 2019 op ‘n daaglikse basis by die Hoërskool se koshuis betrokke te wees. Verhouding bou met al ons koshuis leerders is ons hoofdoel, om sodoende die algehele welstand van ons koshuis-leerders te bevorder. Van hulp met huiswerk, die aanbied van speletjies en sangaande, berading en voorligting vorm deel van ons bediening by die koshuis.

Hier sit en gesels ek met Enslin Ewerts (graad 5) en Kyle Josephs (graad 2) op die koshuis se stoep

Ons bied gereeld speletjies en sangaande vir ons koshuisleerders aan. Hierdie foto’s is geneem tydens die speletjiesdag aangebied op 1 Mei 2019.

Huisbesoek aan ons koshuisleerders is ook deel van ons bediening op Calitzdorp. Hier is foto’s van ons huisbesoek by die huise van Melanie Voorman (graad 5) en die huis van Rolene Jafta (graad 11) en Enslin Ewerts (Graad 4).

ECHO Youth Development I 593 24th Avenue, Villieria, 0134
P.O.Box 32613, Totiusdal, 0186 I Tel (012) 331 2341 I Fax 086 619 0721
info@echoyouth.co.za I www.echoyouth.co.za
Section 21 2001/02573308 I Sec 18A - 930 033 233

~(2) Drama/Koor/Kultuur —Ons wil graag kultuuraktiwiteite, koorsang en drama by die Hoërskool en Laerskool op die dorp bevorder. Echo is betrokke by die afrigting van twee kore (laerskool en hoërskool) van Hoërskool Calitzdorp saam met mnr André Ellis en een koor van Laerskool Excelsior. Ons sien ook baie uit na ons dramagroep van die Hoërskool wat eersdaags aan die Logan Toneelfees in Fraserburg gaan deelneem! Echo is ook betrokke by die kuns- en kultuurklasse van ons graad 8 en 9-leerders op 'n weeklikse basis; gee informele skaaklesse en ook klavier en

Hoërskool Calitzdorp Dramagroep: (Agter) Elcalin de Vos en Jay-Dee Ann Schoeman; (Voor) Cathleen Julies, Juné Goliath en Cloë-Lee Abrahams

Links sit Ashlin Gentle (graad 12) tydens een van sy kitaarlesse en regs is die Laerskool Excelsior seniorkoor en dramagroep hard aan die oefen.

~(3) Tersiêre opleiding — Op 'n weeklikse basis ondersteun ons ons matrikulante met hulle aansoeke vir tersiêre opleiding. Ons is hoopvol dat 'n groep van ons matrikulante verder sal gaan studeer in 2020. Ons is baie trots op **Martonique Baartman** (Matriek 2018 en lid van ons Echo jeuggroep van laasjaar) wat haar eerste semester by Nelson Mandela Universiteit voltooi het!

echo
YOUTH | COMMUNITIES | KIDS

~(4) Ander hoogtepunte en aktiwiteite

Echo is weekliks steeds betrokke by die VGK se jeug op Woensdae aande, Saterdae oggende by Oom Klaus se speelpark en Saterdae middae kom ons mannegroep in Bergsig bymekaar.

Verder is ons baie dankbaar vir NG Kerk Stellenberg se deurlopende ondersteuning en werksaamhede in ons dorp. Ons het gedurende die Junie vakansie drie keer kos, wat deur NG Kerk Stellenberg geskenk is, aan gesinne en kinders in ons dorp gaan uitdeel.

Ons is ook baie dankbaar dat ons kinders die skoolvakansie op 'n hoë noot kon afsluit met 40 lede van NG Kerk Stellenberg en NG Kerk La Rochelle wat vir 'n week in ons gemeenskap kom uitreik het.

Ons mannegroep word in samewerking met ander leiers in die gemeenskap aangebied. Die manne speel saam domino's en doen saam bybelstudie op Saterdae middae.

In samewerking met NG Kerk Stellenberg het ons 300 etes per dag oor drie dae in ons gemeenskap uitgedeel. Links staan Jacoline van Wyngaard en Tanisha Abrahams voor die kospotte

ECHO Youth Development | 593 24th Avenue, Villieria, 0134
P.O.Box 32613, Totiusdal, 0186 | Tel (012) 331 2341 | Fax 086 619 0721
info@echoyouth.co.za | www.echoyouth.co.za
Section 21 2001/02573308 | Sec 18A - 930 033 233